kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

**Tema:** **Toegewy aan wat?**

**Skriflesing:** **1 Timoteus 6:6-21**

## Broodjies vir die pad

"I wonder if we might pledge ourselves to remember what life is really all about—not to be afraid that we're less flashy than the next, not to worry that our influence is not that of a tornado, but rather that of a grain of sand in an oyster! Do we have that kind of patience?"
— Fred Rogers

"Don't aim at success. The more you aim at it and make it a target, the more you are going to miss it. For success, like happiness, cannot be pursued; it must ensue, and it only does so as the unintended side effect of one's personal dedication to a cause greater than oneself or as the by-product of one's surrender to a person other than oneself. Happiness must happen, and the same holds for success: you have to let it happen by not caring about it. I want you to listen to what your conscience commands you to do and go on to carry it out to the best of your knowledge. Then you will live to see that in the long-run—in the long-run, I say!—success will follow you precisely because you had forgotten to think about it"
— Viktor E. Frankl, Man's Search for Meaning

"If you look at history, even recent history, you see that there is indeed progress. . . . Over time, the cycle is clearly, generally upwards. And it doesn't happen by laws of nature. And it doesn't happen by social laws. . . . It happens as a result of hard work by dedicated people who are willing to look at problems honestly, to look at them without illusions, and to go to work chipping away at them, with no guarantee of success — in fact, with a need for a rather high tolerance for failure along the way, and plenty of disappointments."
— Noam Chomsky

"Storytelling reveals meaning without committing the error of defining it."
— Hannah Arendt

"In my view, I am often immensely rich, not in money, but (although just now perhaps not all the time) rich because I have found my metier, something I can devote myself to heart and soul and that gives inspiration and meaning to my life."
— Vincent Van Gogh

"No, my dog used to gaze at me,
paying me the attention I need,
the attention required
to make a vain person like me understand
that, being a dog, he was wasting time,
but, with those eyes so much purer than mine,
he'd keep on gazing at me
with a look that reserved for me alone
all his sweet and shaggy life,
always near me, never troubling me,
and asking nothing."
— Pablo Neruda

**('n laaste skof)**

as ek weer kom kuier sê ma
bak julle boerbeskuit en brood
en soetkoekies vir nuwejaar
dit het mos gereën op die plaas
en die granaatlaning spog rooiwang soos
sakson agter die rant

julle moet die doodboks voetjie-
vir voetjie op die solder gaan haal
terwyl julle sing van soetkoekies
bakbrood en boerbeskuit
want dit het mos gereën op die plaas
en die graatlaning spuug rooipit
agter die rant

en vra vir boetieman van jan-koos
om granate te gaan pluk
want dit het mos gereën op die plaas
en daar's bakbrood en soetkoekies
en boerbeskuit vir die nuwe jaar
ko' lat ons'ie oujaar gistertoe sing

*Thomas Deacon*

"Courage is a heart word. The root of the word courage is cor - the Latin word for heart. In one of its earliest forms, the word courage meant "To speak one's mind by telling all one's heart." Over time, this definition has changed, and today, we typically associate courage with heroic and brave deeds. But in my opinion, this definition fails to recognize the inner strength and level of commitment required for us to actually speak honestly and openly about who we are and about our experiences -- good and bad. Speaking from our hearts is what I think of as "ordinary courage."
— Brené Brown, I Thought It Was Just Me: Women Reclaiming Power and Courage in a Culture of Shame

"I shall not commit the fashionable stupidity of regarding everything I cannot explain as a fraud.
—address to the Society for Psychical Research in England"
— C.G. Jung

"There is a pervasive form of contemporary violence to which the idealist most easily succumbs: activism and overwork. The rush and pressure of modern life are a form, perhaps the most common form, of its innate violence. To allow oneself to be carried away by a multitude of conflicting concerns, to surrender to too many demands, to commit oneself to too many projects, to want to help everyone in everything, is to succumb to violence. The frenzy of our activism neutralizes our work for peace. It destroys our own inner capacity for peace. It destroys the fruitfulness of our own work, because it kills the root of inner wisdom which makes work fruitful."
— Thomas Merton, Conjectures of a Guilty Bystander

## Soveel van 'n 'spit 'n polish' lanklaas gesien

*Martie Retief-Meiring*

So het ons gekyk, gekyk en weer gekyk en nog is dit nie verby nie. Is dit regtig 2022?

Hierdie onophoudelike, ongelooflik skouspelagtige parades, onwerklike ryk uniforms, mensemassa wat langs paaie staan sodat lang kavalkades kan verbygaan?

Waarna kyk ons? 'n Lang begrafnis? Of stellig die grootste bemarkingsproduksie wat die wêreld in baie jare sien en dalk nog sal sien?

'n Koningin sterf. In 'n wêreld waar demokrasie die gewildste regeringsmodel is, oorlog gevoer word, ekonomiese druk sterftes veroorsaak en Brittanje self steier onder 'n kragkrisis word tog oor tien dae 'n skouspelagtige rouproses aangekondig.

Hoëlui, hoofsaaklik in swart geklee, gee handdrukke, loop met stroewe gesigte en regop skouers somber verby massas ruikers in katedrale en seunskore in wit valletjiesrokke. Priesters in kleurryke gedy met goue omboorsels en onmoontlike groot kopstukke stap met gevoude hande en uitdrukkingloos verby mense wat vlaggies en beeldjies van Paddington Bear in die lug swaai.

Die beelde is ryk aan goud en rooi, drake en kastele, kamaste en beuels, trompette, Rolls-Royce-motors en bowenal die steeds gerusstellende gesigte en helms van die ewig teenwoordige *bobbies*. Mans met antieke, plat hoede en wit kouse, knus toegedraai in swierige jasse, marsjeer verby. Daar is selfs 'n boogskutter-regiment. En, amper onvermydelik, kom die optogte van treurige doedelsak-klanke verby.

Kykersgetalle oor die wêreld heen skiet op in rekordgetalle, met TV-aanbieders in gepaste gedrae kommentaar en kameras flitsende oor dieselfde tonele. Oneindig. Ons almal kyk. En kyk.

Rule Brittannia, rule. Dis ou glorie hierdie.

Waar word al die militêre uniforms, medaljes en spiese gebêre? Wie kyk daarna? Dis 'n "spit 'n polish"-bedryf soos seker nêrens ter wêreld nie. Wat doen daardie manne onder hul beervelhoede as hulle nie iewers paradeer nie? (Daardie beervelle kan ekstra aandag kry onder koning Charles III. As omgewingsbewuste sal hy dalk iets te sê hê oor daardie beervelle, wat gereeld uit Kanada geoes word.)

Sedert 1066, die Engelse se aanvaarde datum vir die "moderne" troon, toe Willem die Veroweraar by Hastings die stryd gewen het teen die ou Angelsaksiese bendes, het die Britse koningshuis sy eie ryk geskiedenis – wreed, verraderlik, groots – beleef. Skandale, selfs tot die huidige tyd, kan nie weggesteek word nie. Iewers is daar altyd raadgewers wat weet van goeie publisiteit.

Koningin Elizabeth II se eie roemlose gedrag ná die dood van die gewilde prinses Diana het juis 'n nuwe fase in die koningshuis ingelui, toe die koningin meer "menslik" begin optree het.

Haar kinders het geskei, geflankeer, selfs gerebelleer, maar die majesteit leef voort.

Gewone mense en staatsleiers stroom van alle wêrelddele vir deelname aan die prosessies.

Dit kán die Britte doen: 'n Ou, ou sprokie vir ewig laat voortleef. Dit betaal goed.

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/martie-retief-meiring-soveel-van-n-spit-n-polish-lanklaas-gesien-20220915

## Brood vir die pad

### Rynse Sendinggenootskap

"Op 23 September 1828 is die "Vereinigten Rheinischen Missions-Gesellschaft" gestig. "Am juli 1829, einen Tag nach ihrer ordinierung, reisten Johann Gottlieb Leipoldt, Gustav Adolph Zahn, Daniel Lückhoff, Theobald von Wurmb… nach Rotterdam ab."

Daarvandaan is hulle na Engeland waar hulle hul by dr Philip se reisgeselskap aangesluit en almal op 7 Oktober 1829 veilig in Kaapstad aangekom het. Hulle direksie se opdrag was om 'n afsonderlike Rynse eenheid te vorm.

Al vier die sendelinge was spoedig gevestig. Luckhoff het as sendeling van die S.S.G. na Stellenbosch gegaan; Zahn na Tulbagh; Leipoldt na die Cederberge waar hy 'n stasie Wupperthal begin het; en Von Wurmb na die Olifantsrivier waar Ebenezer aangelê is.

Met die werk van hierdie vier sendelinge is die grondslag gelê vir die groot en uitgebreide sendingwerk van die Rynse Genootskap, nie alleen in die Westelike Provinsie nie, maar ook in Namakwaland en Suidwes-Afrika.

Die werk op Stellenbosch het uitgebrei na Kuilsrivier waar later die gemeente Sarepta gestig is. Zahn het op Tulbagh die werk ook verder uitgebrei en gekonsolideer. Van belang is die plaas Steinthal, wat deur sy toedoen aangekoop is. Ook die stasies Wupperthal en Ebenezer het verrys as monumente van hul werk- en geloofskrag.

Met verloop van tyd het meer sendelinge aangekom en kon die Rynse Genootskap wat toe reeds goed gevestig was, sy vlerke wyer uitsprei. Die Worcesterse Genootskap is in 1839 aan die Rynse oorgedra met Saron en De Dooms as „südlichten Stationen." Maar die Rynse sendelinge se oë was op Namakwaland gerig. In 1840 het die L.S.G. sy stasies in Namakwaland aan die Rynse Sending oorgemaak. Kommagas en Kookfontein was die eerste plekke wat van die L.S.G. oorgeneem is. Kookfontein se naam is verander tot Steinkopf. "In 1852 gründete Brecher die Station Concordia an der Ostgrenze von Steinkopf." Ook die Richtersveld met sy gebied van 500 000 morg het die nodige belangstelling geniet.

Veel later is die arbeid aan die Kareeberge aangepak. In 1845 het Lutz en Beinecke die stasie Amandelboom, wat later die dorp Wiliston sou word, opgerig. Christoph Alheit word in 1847 die baanbreker wat 'n stasie op Schietfontein aanlê waar die dorp Carnarvon, soos dit later vernoem is, ontstaan.

Aihoewel die Rynse Sendinggenootskap in hierdie twee gebiede 'n groot werk gedoen het, het die swaartepunt van die sending na Groot-Namakwaland verskuif. Die werk in die Unie was egter van so 'n deeglike aard dat dit alle buitelandse genootskappe tot 'n voorbeeld gestrek het. Manne van groot formaat, van innige liefde en toewyding, het hierdie werk op vaste grond geplaas. Hier het hand, hoof en hart verenig tot die geestelike-, tydelike- en opvoedkundige opheffingswerk waarop heerlike seeninge gerus het en vrugte gepluk is."

https://www.gemeentegeskiedenis.co.za/rynse-sendinggenootskap/

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877